

SKOLEBEDIENING: Helm van verlossing

Doel van les:

- Hierdie week kyk ons na die helm van verlossing se doel en konsentreer ook op die woord verlossing en wat dit beteken.

Lofprysing en aanbidding.

YSBREKER 1: Musical Hats

- Elke groep staan in 'n kring, almal behalwe 1 kind het 'n hoed op die kop
- Wanneer die musiek begin speel moet die kind sy/haar hoed afhaal, vir die persoon langs hom/haar opsit, en die persoon aan die anderkant se hoed opsit.
- Hoede word NIE met die hande aangegee nie, maar op die koppe gesit
- Die persoon wat sonder 'n hoed is wanneer die musiek ophou is uit
- Elke keer word nog 'n hoed uitgeneem totdat daar net 1 kind met 'n hoed oor is.

Ons gaan vanmiddag na die helm van verlossing kyk. Ons leer hoekom dit belangrik is vir ons as Christene om dit elke dag op ons koppe te dra.

YSBREKER 2: Hats Off

- Elke groep staan in 'n kring, almal behalwe 1 kind het 'n hoed op die kop
- Die aanbieder roep "hoede af" en dan gooi al die kinders hul hoede in die lug en probeer 'n ander hoed op die grond optel soos die hoede land.
- Die persoon wat sonder 'n hoed is, is uit
- Elke keer word nog 'n hoed uitgeneem totdat daar net 1 kind met 'n hoed oor is.

In ons tyd sal ons dink aan motorfiets helms of dalk die helm wat die krieketspelers opsit wanneer hulle kolf, maar in die Nuwe Testament was die helm bekend as 'n baie belangrike deel van 'n soldaat se wapenrusting. Die helm het die soldaat se kop beskerm wanneer hy baklei het. In Efesiërs praat Paulus van die geestelike oorlog en hy noem die Helm van verlossing as deel van ons wapenrusting. Die borsharnas beskerm die hart en die helm beskerm ons brein, dit wat ons dink.

Vraag in groep:

- Wie kan sê wat beteken die woord verlossing?

Ons gaan nou bietjie oor hierdie woord gesels sodat julle kan verstaan hoekom dit so belangrik is om die helm op ons koppe te sit.

Aktiwiteit:

Ons gaan nou 'n kompetisie hou. Die een wat wen, gaan 'n prys by my kry. Is julle reg? Goed, hier is julle taak. Julle leiers het 'n houertjie met sand in. Julle moet nou in 'n minuut se tyd al die sand korreltjies tel. Dink julle dis moontlik? Nee, beslis nie. So dan is daar nie een wenner wat die prys kry nie. Goed, ek het nou 'n manier hoe julle almal kan wen, al kan julle nie die korreltjies tel nie. Leiers deel "wenner" kaartjies uit. Dis julle keuse of julle die kaartjie wil vat, maar daar is een vir elkeen.

Nou kom ons vat dit deur na verlossing toe. Verlossing is wanneer Jesus in ons lewens inkom en ons sondes wegneem. Hy red ons van 'n ewigheid in die hel spandeer. Verlossing is 'n geskenk. Ons kan niks doen uit ons eie om dit te verdien nie. Ons kan dit nie koop nie. In die Bybel se dit dat ons eintlik moet sterf oor al ons sondes, maar Jesus se bloed was ons skoon van daardie sondes en so kan ons dan deur ons harte vir Hom te gee, hemel toe gaan.

Die Helm van verlossing beskerm ons gedagtes. Ons het mos al gepraat van die Satan wat probeer om ons te "trick". Soms wil hy ons laat dink dat ons nie goed genoeg is nie en nie hemel toe gaan nie. Wanneer ons die helm van verlossing stewig op ons koppe het, kan ons weet dat deur Jesus ons gered is en dat ons wenners is.

Sluit af met gebed.